[3] Meyerspark Bybelstudie – Stap saam deur die Psalms: Psalm 2

"Psalm 2 vorm saam met Psalm 1 'n inleiding tot die Psalms"

I	A	1a	Waarom woel die nasies	Opstand
		b	en bedink volke nietigheid?	
		2a	Die ***konings*** van die aarde staan gereed	
		b	en ***regeerders*** beraadslaag saam	
		c	teen die Here en sy gesalfde:	
		3a	"Kom ons breek hulle boeie	
		b	en gooi hulle bande van ons af!"	
	B	4a	Hy wat in die hemel woon, lag;	Reaksie: God
		b	die Here spot met hulle.	
		5a	Dan spreek Hy hulle aan in sy woede	
		b	en verskrik hulle in sy toorn:	
		6a	"Ek self het my koning gesalf	
		b	op Sion, my heilige berg!"	
II	B^1	7a	Ek wil vertel van die dekreet:	Reaksie: Koning
		b	Die Here het vir my gesê: "Jy is my seun,	
		c	Ek het jou vandag in die lewe gebring.	
		8a	Vra van My	
		b	en Ek sal nasies gee as jou erfdeel	
		c	en die eindes van die aarde as jou eiendom.	
		9a	Jy sal hulle met 'n ystersepter versplinter,	
		b	soos 'n pottebakkerskruik hulle verpletter."	
	A^1	10a	Nou dan, ***konings***, wees verstandig,	Onderwerping
		b	laat julleself toe om gewaarsku te word, ***regeerders***!	
		11a	Dien die Here met ontsag	
		b	en juig met bewing!	
		12a	Soen die seun, sodat hy nie kwaad word en julle op pad vergaan nie,	
		b	want sy woede ontvlam maklik.	
		c	Gelukkig is elkeen wat by hom skuiling soek.	

Psalm 2 is 'n koningspsalm – moontlik op die patroon van die liturgie wat tydens 'n troonsbestyging gebruik sou word. Die psalm maak aanspraak op wêreldheerskappy vir 'n koning wat "vandag" (v. 7c) as die Here se seun aangeneem is toe hy koning geword het. (By die omringende volke is die koning dikwels gesien as 'n godheid se ware seun, dus as halfgoddelik; by Israel is die koning God se aangenome seun.) Die redakteurs van die Psalms het die psalm egter met Psalm 1 geïntegreer om saam 'n inleiding tot die psalms te vorm. Hulle het die woorde "oordink/bedink," "pad," "vergaan" en "Gelukkig is..." wat in Ps 1 voorkom, in Ps 2 ingewerk om hulle sodoende tot 'n eenheid saam te bind. Waar Ps 1 die lewenspad van die regverdige en die goddelose volksgenote van die skrywer beskryf, beskryf Ps 2 die lewenspad van buitelandse regeerders wat hulle wette op die Jode wil afforseer. Psalm 2 is reeds voor Jesus se geboorte verstaan as 'n voorspelling oor die Messias wat Dawid se heerskappy sal laat herleef. In die tyd ná Jesus se dood en opstanding het die psalm 'n geweldige belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van die kerk se beskouing oor Jesus se Godheid en ewige heerskappy.

1. Waarna verwys die "boeie" en "bande" wat die heidense heersers van hulle (nekke) wil afgooi en breek? Lees vir agtergrond Ps 107:14, Jer 5:4-5 en Jer 30:7-9.

2. Wat beteken dit as die Here vir die heidense regeerders se opstand "lag" en met hulle "spot"? Lees vir agtergrond Spreuke 1:24-27.

3. Die Here se gesalfde (of Gesalfde) word die reg gegee om opstand met geweld te onderdruk of uit te wis (2:8-9). Tog kies hy 'n ander benadering. Wat is dit, en watter appèl maak dit op jou?